# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL

**Derde Vraestel**

**Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde**

**SG**

**101-2/3**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL SG: Vraestel 3

101 2 3 SG

12 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Al DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Lees die INSTRUKSIES by elke afdeling.

---

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

### VRAAG 1

**INSTRUKSIES**:

Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- EEN opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **250 – 350** woorde wees.
- Hou by die vereiste lengte.
- Bepaal jou by die onderwerp.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Skryf die nommer van die vraag bo-aan jou antwoord neer.
- Werk netjies.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  → Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
  → Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
  → Die VORM van die skryfstuk
  → Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas

1.1 Albert Einstein het gesê:

> Die lewe ... Daar is twee maniere om te lewe. Die een manier is om niks wonderliks te sien nie, en die ander is om alles as 'n wonder uit God se hand te beskou.

Skryf 'n BESKRYWENDE stuk oor die wonders in ons land.

**OF**

1.2 Familie kan nie gekies word nie, vriende wel. Skryf 'n stuk waarin jy 'n VERHAAL vertel wat bewys dat dit belangrik is om vriende goed te kies.

**OF**

1.3 Die verhouding tussen ouers en kinders het die afgelope jare drasties verander. Skryf 'n stuk waarin jy die probleme tussen ouers en kinders BESPREEK.

**OF**

1.4

> Wees versigtig wat jy dink, dit word jou woorde
> Wees versigtig wat jy sê, dit word jou aksies
> Wees versigtig wat jy doen, dit word jou gewoontes
> Wees versigtig met jou gewoontes, dit bou jou karakter
>
> **Frank Outlaw**

Skryf 'n stuk waarin jy die belangrikheid van 'n mens se woorde, aksies en gewoontes teen mekaar OPWEEG en hoe dit jou karakter beïnvloed.

1.5 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf 'n skryfstuk oor EEN prent en voorsien jou skryfstuk van 'n treffende titel. Skryf ook die nommer van jou keuse boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees. Dit kan 'n opstel, verslag, betoog of artikel wees.


1.5.1 **DIE ETE**



**(Uit: *Vroueekeur*, 20 Mei 2005)**

**OF**


1.5.2




(Uit: *The Star*, 12 Mei 2004)

**OF**

1.5.3



(Uit: *The Star*, 22 Februarie 2005) **[30]**

## AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 2

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van jou skryfstuk moet **150 – 200** woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Een van jou gunstelingooms / -tantes het 'n werk in die buiteland gekry en gaan binnekort soontoe verhuis. Skryf die **toespraak** neer wat jy by sy / haar afskeidspartytjie gaan gee.

**OF**

2.2 Jou beste maat het besluit dat hy / sy genoeg van die skoolbanke gehad het en liewer geld wil verdien. Jy glo egter dat die advertensie wat jou vriend(in) gelees het glad nie tot rykdom sal lei, soos hy / sy dink nie. Skryf die **dialoog** wat tussen julle plaasvind neer.

**OF**

2.3 Tydens jou skoolloopbaan is daar 'n opvoeder wat jou regtig van wyse raad bedien het. Jy het pas jou finale jaar op universiteit voltooi. Skryf 'n **brief** aan hom / haar om dankie te sê.

**OF**

2.4 Mense ondervind baie probleme en skryf dikwels aan tydskrifte se hulpkolomme om hulp / raad vir hulle probleme te kry. Jy is die raadgewer van ***Finesse*** en het die volgende brief ontvang. Skryf die **raad** neer wat jy in jou rubriek vir die persoon sal gee.

> **MOET EK MET HOM UITGAAN OF NIE?**
> Ek het onlangs vir die eerste keer met 'n ou begin uitgaan, maar ek twyfel of 'n verhouding met hom die regte ding is. Ek is nog baie onervare in verhoudings en ek is bang dat ek besig is om 'n fout te maak. Hoe weet ek of hy die regte ou vir my is? – Leani, 15
>
> **(Uit: *Finesse*, Mei 2005)**

**OF**

2.5 Lees sorgvuldig deur die voorbeeld van 'n filmresensie hieronder. Skryf nou 'n **resensie** oor enige rolprent waarna jy onlangs gekyk het.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:

- 'n Treffende opskrif
- 'n Waardebepaling
- 'n Aanbeveling

**KYK DIT**

DEUR MIA JOUBERT

**ELEPHANT (STER-KINEKOR)**

Met: Alex Frost en Eric Deulen
Regisseur: Gus van Sant
Tienermoorddrama

6/10



Dié fliek is al verlede jaar geresenseer, maar die uitreikdatum is dikwels verander. Dit begin uiteindelik vandeesweek. Onthou, dis 'n avant garde eksperimentele fliek waarin lang stiltes, mense wat doelloos ronddwaal en lang, leë kamerskote aan die orde van die dag is. Dis op die berugte Columbine-tienermoorde gegrond wat Van Sant hier op 'n taamlike pretensieuse en ontoeganklike wyse herskep. Baie beslis nié vermaak nie. Ook nie as jy maklik geskok raak nie.

**(Uit: *Vrouekeur*, 20 Mei 2005)**

(15)

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van jou skryfstuk moet **80 – 100** woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Jy is een van die boekklublede en hierdie keer is dit jou beurt om lede van die klub van 'n vergadering te verwittig. Skryf die inhoud van die **faksnota** wat jy aan die lede van die boekklub stuur, neer.

**OF**

3.2 Jy is 'n diereliefhebber. Die plaaslike dierebeskermingsvereniging reël 'n prettige gesinsdag om dierebeskerming onder die publiek se aandag te bring, asook om fondse in te samel. Skryf 'n **advertensie** om die gesinsdag op 'n aanloklike wyse aan die publiek bekend te stel.

**OF**

3.3 Jou beste maat het na 'n woordewisseling besluit dat hy / sy niks meer met jou te doen wil hê nie. Skryf die **inhoud** neer van die **kaartjie** wat jy aan hom / haar sal stuur om om verskoning te vra. (15)

15x2=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

## AFDELING C
## LITERATUURSTUDIE

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie afdeling tel 20 punte.
- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***BOEKET*** (Tony Links e.a.) en ***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman).

***BOEKET*** (Tony Links e.a.)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 4) **óf** die paragraaftipe vraag (Vraag 5).

**OF**

***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 6) **óf** die paragraaftipe vraag (Vraag 7).

### VRAAG 4
### KONTEKSTUELE VRAAG
### *BOEKET* – Tony Links e.a.

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg:

'Allen, kom hier.' Hoog boven hem, over de rand van de vloer van de droogzolder, was een blozend gezichtje met gele krulletjies eromheen zichtbaar. Allen schudde nadrukkelijk het hoofd.

'O, je bloedt helemaal. Kom hier!' riep het stemmetje. De jongen veegde opnieuw zijn lippen schoon, en bekeek zijn hand. Hij deed een paar stappen naar voren, leunde tegen de ladder, en drukte zijn gezicht tegen het koele staal van een der sporten. 'Je moet het zelf maar weten,' kirde het stemmetje boven hem. 'Je komt hier, of ik zal vader wat gaan vertellen.'

De jongen klom langzaam de hoge ladder op en ging, boven gekomen, op de vloer zitten, na eerst een stuk gedroogde appel van een van honderden volgeregen lijnen die door de loods gespannen waren, te hebben afgerukt en in zijn mond te hebben gestopt.

'Dat heb je te laten.' zei het meisje. 'Ik ga het vertellen.'

De jongen zei niets. Het meisje trok nu op haar beurt een half dozijn appelpartjes van een lijn, at één ervan op, en wierp de rest in de diepte.

'Rupsen hebben ook bloed, ' deelde ze mede.

'Maar het is groen.'

De jongen bleef zwijgen. Op de grote hoogte waarop ze zich bevonden was een lichte bries voelbaar, die soms in de luchtsleuven van dak en wanden een ijl gezoem veroorzaakte.

'Hij vint je altijd meteen,' vervolgde het meisje. 'Omdat je te stom bent om je te verstoppen. Vader zegt er zit niets in zijn hoofd en alles moet ik er zelf inslaan. Hij zegt: Allen kan geen woord van een ander woord onderscheiden. Dat zegt hij.'

De jongen likte aan zijn lippen, maar bewoog zijn hoofd niet. Het viel niet te zeggen of het gesprokene tot hem was doorgedrongen. Zijn blik bleef onbeweeglijk voor hem uit gericht.

**Uit: *Bloed* – Gerard Reve**

**EN**

Des ochtends om half zeven maakte de mier de klont los van de onderste tree en begon hij aan een smalle kant te duwen, in de richting van de weg naar grote bos.

Hij bereikte die weg een jaar later. Hij was toen al een beetje misvormd door het duwen. Zijn arme, altijd maar met hun uiterste kracht zich afzettende pootjies toonden – wat zelfs bij de allernijverste mieren nooit voorkomt – ballonkuiten; zijn ogen stonden dof, het aantal van zijn verschrikkelijke belevenissen gingen die van een frontsoldaat verre te boven. De enige meevaller die hem wachtte was, dat de grote weg geen betonweg meer was, maar kort geleden was geasfalteerd. Maar hij had in die tussentijd zoveel suiker gegeten van de plaats waar hij duwde, dat daar een hele tunnel was ontstaan, waarin hij zo ver verdween, dat nog maar twee pootjes zich echt goed konden afzetten tegen het asfalt, toen hij dat bereikt had. Hij moest de bodem uit die tunnel opeten om weer al zijn poten te kunnen gebruiken, waardoor de klont er gehavend begon uit te zien; niet alleen voor deskundigen.

Wel had hij de voldoening gehad op zijn tocht door de stad, enkele honderden mieren te ontmoeten, die geïnformeerde hadden naar zijn doel en de laaste twee maanden hadden een paar van die mieren die naar hem toekwamen, meteen gezegd: 'U is zeker die mier, die op weg is met de dubbele suikerklont!' 'Inderdaad', had hij geantwoord. Meer niet.

**(Uit: *De mier, de eerbied en de roem* – Anton Koolhaas)**

4.1 Wat is die verwantskap tussen Allen en die "blozend gezichtje" (r. 2)? (1)

4.2 Wie se bloed (r. 16) vloei in die slotgedeelte van dié kortverhaal? (1)

4.3 Waarom skud Allen sy kop (r. 3)? (1)

4.4 Wat is die rede vir Allen se bloeding in r. 4? (1)

4.5 Watter emosie word met behulp van die uitroep "O" in r. 4 te kenne gegee? (1)

4.6 Watter karaktertrek van die meisie kom in r. 7 – 8 na vore? (1)

4.7 Watter dreigement maak die meisie in r. 13? (1)

4.8 In watter opsig verskil Allen se handeling in r. 4 – 5 van sy handeling in r. 25? (2)

4.9 Watter karaktertrek van die vader kom in r. 23 na vore? (1)

4.10 Hoe weet die leser dat Allen nie so dom is soos daar in r. 21 – 22 beweer word nie? (1)

4.11 4.11.1 Na watter plek in die bos wou die mier die suikerklont stoot (r. 29 – 30)? (1)

4.11.2 Wat wou die mier bereik deur die suikerklont daarheen (Vraag 4.11.1) te stoot? (1)

4.12 Haal 'n woord in r. 33 aan wat beskrywend is van die mier se misvormde liggaam. (1)

4.13 Waarmee word die mier se belewenisse in r. 34 – 35 vergelyk? (1)

4.14 Watter aanduiding is daar in r. 41 – 42 dat een van die mier se ideale nie verwesenlik gaan word nie? (1)

4.15 Watter ideaal wat deur die mier gekoester is, word in r. 45 – 47 verwesenlik? (1)

4.16 Watter karaktertrek van die mier kom na vore in die sin: **"Hij bereikte die weg een jaar later."** (r. 31)? (1)

4.17 Op watter wyse word die sin in r. 47: **"Meer niet."** uitgehef? (1)

4.18 Wat, volgens jou mening, suggereer die verhaal oor roem? (1)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 5
## PARAGRAAFTIPE VRAAG
## *BOEKET* – Tony Links e.a.

5.1 ***EEN HEER IN DE TREIN*** deur Simon Carmiggelt is 'n humoristiese vertelling oor die leed van die mens. Bespreek hierdie stelling in **180 – 200** woorde en skenk aandag aan die volgende aspekte:

- Die komiese insidente
- Die verteller, en sy medereisiger se reaksies op hierdie insidente
- Dui aan of jy simpatie het met die medereisiger en motiveer jou standpunt. (10)

5.2 Die herbergier in die kortverhaal, ***DE HERBERGIER VAN PIDALGO***, deur Godfried Bomans is 'n buitengewone karakter. Bespreek hierdie stelling in **180 – 200** woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte.

- In watter opsigte die herbergier buitengewoon is
- Sy agteruitgang: fisies en geestelik
- Die slotgebeure
- Dui aan of die herbergier na jou mening wel 'n buitengewone karakter was en motiveer jou standpunt. (10)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 6
## KONTEKSTUELE VRAAG
## *VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Op land was hy ontuis: lomp soos 'n verdwaalde robkalf. Stil, in homself gekeer. Maar op die water het hy uitgevloei en saamgeborrel. Hy het elke môre gesing wanneer hy op die water uitgaan. En van speenoud af was saam met hom op skuit die seun wat sy tengerige vrou hom gegee het voordat sy heeltemal weggekwyn het en dood is: Wenning. Groot voor sy tyd. Seemanskappie en al.

Hilda Sewes se man is deur die see weggeneem. Op 'n helder middag het 'n storm uit die suide gekom en die water selfs in Vredenbaai hoër opgejaag as wat enigiemand kan onthou. Twee dae later is die skuit aan 'n rots gevind asof dit 'n kapstok is waaraan die see hom gehang het. Nog 'n dag later is Sewes deur speelse golfies op die strand uitgedra. Ongeskonde. In sy fleur. Maar 'n lyk. Hilda Sewes was verbitterd. Sy geliefde see! En wat van haar nou? Sy het bly sit met 'n kind. 'n Dogter genadiglik. 'n Dogter wat die see nie sou sien nie. Sy wou inderdaad onmiddellik haar kind vat en padgee. Maar hier het sy 'n dak oor haar kop gehad en 'n groentetuintjie wat tydelik siel en liggaam aanmekaar kon hou. Toe bied ou Willem Swanepoel nog vir haar 'n werkie in sy slaghuis aan. Weldra het dié sterk vrou die werk van enige blokman gedoen. En beter ook.

Sy het gebly. Voorlopig.

Aanvanklik het die vriendskap tussen Milla en Wenning haar min gepla. Hulle was spotkinders. Dit was sommer van niks-anders-het-om-te-doen-nie dat hulle ure lank kon sit en ginnegaap. Skielik stilbly as sy naby kom. Luister met hulle lywe totdat sy weg is.

Een aand het hy toe hy van die boot af kom, 'n vis saamgebring.

"Sommer 'n ou Vredebaai-kabeljoutjie, ta' Hilda."

"Jy weet, Wenning, ek hou van my dag af nie van seevis nie. Ek kan nog 'n varswatervis in my liggaam kry."

"En dié ou Vredenbaaiertjie dan?"

"Vat dit maar vir Erwie en Jônnie. Julle werk tog vir hulle."

"Ek sal eendag hoër op langs die rivier loop kurper soek, vir ta' Hilda."

(Uit: *Die Invloed* – Pirow Bekker)

**EN**

Haar arm staan in die lug, die kantsakdoek hang slap tussen haar vingers. Sy kyk die trein verwonderd agterna. Daar is nie 'n mens op die stasie nie. 'n Paar papierstukkies fladder op die grond waar die trein se vaart hulle geroer het.

Sy skud haar kop. "Jy laat ook nooit weet nie, Carolus."

Ek wag op 'n traan – ek wil self 'n brand agter haar oë word.

Die stasievoorman kom tel 'n pakkie op wat uit die kondukteurswa gegooi is.

"Waarom het die trein nie stilgehou nie?" vra sy.

"Daar was niemand wat hier wou afklim nie."

Ek probeer om die stasievoorman te bereik: "Sê vir haar sy moet my verlos. Sê vir haar..."

"Waarom sien ek nie soldate op die trein nie?" vra sy.

"Die oorlog is mos lankal verby," antwoord hy half onverskillig.

Ek skreeu vir die stasievoorman: "Laat haar huil, asseblief!"

Hy vat aan sy neus se punt. Dié koms van haar elke Woensdag krap lankal aan sy senuwees.

Ek roep by sy hart in: "Sê vir haar ek het gesneuwel – ek is honderd en vyftig weke lank al dood."

Sy glimlag en sê: "Hulle het hom seker nog nodig."

Die voorman se mond wat halfpad oop was, gaan toe.

"Hy sal sommer net opdaag," sê sy. "Jy ken hom nog nie."

Die voorman knik met sy kop.

"Sommer net opdaag – miskien volgende Woensdag," sê sy en druk die kantsakdoekie terug in haar mou.

**(Uit: *Terugkeer van 'n soldaat* – Dolf van Niekerk)**

6.1 Wie word met behulp van die vergelyking in r. 1 met 'n verdwaalde robkalf vergelyk? (1)

6.2 Watter emosie word deur middel van die frase "uitgevloei en saamgeborrel" (r. 2) uitgedruk? (1)

6.3 6.3.1 Haal die frase uit r. 7 aan wat dit op versagtende wyse stel dat Hilda se man gesterf het? (1)

6.3.2 Haal die sinsgedeelte uit r. 10 – 11 aan wat dit op versagtende wyse stel dat die lyk van Hilda se man uitgespoel het? (1)

6.4 Op watter wyse word die woord "Ongeskonde" (r. 12) beklemtoon? (1)

6.5 Watter sin in r. 12 – 14 dui aan dat Hilda nie haar man se liefde vir die see gedeel het nie? (1)

6.6 Watter werk doen 'n "blokman" (r. 18)? (1)

6.7 Het Hilda Sewes rede gehad om "verbitterd" (r. 12) te wees? Motiveer jou standpunt. (2)

6.8 Verduidelik wat dit beteken as iemand "ginnegaap" (r. 23)? (1)

6.9 Waarna verwys "Erwie en Jônnie" (r. 30)? (1)

6.10 Watter karaktertrek van Wenning kom in r. 31 – 32 na vore? (1)

6.11 Wat is die verwantskap tussen Carolus (r. 37) en die dame (r. 33)? (1)

6.12 Waarom, dink jy, kyk sy die trein "verwonderd" (r. 34) agterna? (1)

6.13 Wat was die rede vir die "kantsakdoek" tussen haar vingers (r. 33 – 34)? (1)

6.14 Watter tipe verteller kom in die verhaal voor? (1)

6.15 Waarom voltooi die verteller nie sy sin in r. 44 nie? (1)

6.16 Wat bedoel die verteller as hy in r. 44 verklaar dat hy verlos wil word? (1)

6.17 Kyk na die stasievoorman se optrede in r. 55. Dink jy hy glo ook dat die verteller sal terugkeer? Motiveer jou standpunt. (2)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 7
## PARAGRAAFTIPE VRAAG
## *VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman

7.1 In elk van die vier kortverhale: ***DIE INVLOED***, ***TERUGKEER VAN 'N SOLDAAT***, ***DIE SKERPIOENE*** en ***SLAAPTYDSTORIE*** bestaan daar 'n besonderse verband tussen die titel van daardie verhaal en die gepaardgaande verhaalgebeure. Bespreek hierdie verband tussen die onderskeie titels en die verhaalgebeure in **180 – 200** woorde deur gebruik te maak van die volgende skema:

- Die titel ***Die invloed*** teenoor die verhaalgebeure
- Die titel ***Terugkeer van 'n soldaat*** teenoor die verhaalgebeure
- Die titel ***Die skerpioene*** teenoor die verhaalgebeure
- Die titel ***Slaaptydstorie*** teenoor die verhaalgebeure (10)

7.2 In die kortverhaal ***DIE SKERPIOENE***, deur Paul C. Venter is Frannie se pa 'n geharde visserman, 'n streng vader en 'n besorgde eggenoot. Bespreek hierdie stelling in **180 – 200** woorde. (10)

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**